Julie 2010

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Na meer as drie weke werk my telefoon, e-pos en internet nou weer. Die beloofde skrywe uit die koerant “The News of the Camp” staan oor vir later. My mikrofilmleser het nie die trekkery oorleef nie en wil op die oomblik gladnie werk nie. Sodra dit herstel is sal ek begin om die koerant te lees en daaroor te skryf.

---------------------------------------------

In antwoord op verlede maand se navraag van Arina Kock oor die watervoor rondom Kerkplein, die volgende van Anton van Vollenhoven:

Bykomende navorsing ten opsigte van die watervoorstelsel van Pretoria, wat 'n literatuurstudie en argivale ondersoek van alle foto's en kaarte en 'n rekenaarsoektog na dokumente ingesluit het, dui op die volgende. In 1854/5 is daar begin met die uitgrawe van 'n watervoor vanaf die Fonteinedal na Kerkplein, ten einde water aan die dorp te voorsien. Hierdie taak is deur A.P. van der Walt uitgevoer (Rex 1960:62; Pieterse 1942:25; Peacock 1955:50). Teen April 1855 was die voor al tot in die poort gegrawe (Peacock 1955:50). Later was landdros A.F. du Toit vir die watertoevoer na die dorp verantwoordelik, maar hy het dit net tot by 'n nuwe dam agter sy huis, suidoos van die dorp, voltooi (Peacock 1955:51). In 1857 bied hy aan om deur middel van strate, slote en riole die dorp in orde te bring, aangesien water oral in die dorp rond gestroom het. 'n Dam wat water aan die dorp moes voorsien en 'n voor is ook in 1857 tot agter veldkornet A. van der Walt se huis, suid van Scheidingstraat, uitgegrawe (Pieterse 1942:26). Die belangrikste bron wat vir hierdie inligting benut is, is Peacock. Ten opsigte van dit wat op hierdie hoofstuk van toepassing is, is hierdie bron hoofsaaklik op outentieke argivale dokumente geskoei en word dit dus as geloofwaardig beskou. Dieselfde geld Rex en Pieterse (1960).

Gedurende 1858 het Du Toit 'n watervoor vir die dorp afgepeil. Dit het vanaf Van der Walt se huis in Scheidingstraat geloop, vanwaar dit Markstraat (vandag Paul Krugerstraat) naby Maréstraat gekruis het. Hiervandaan het dit aan die westekant van Markstraat afgeloop tot by Kerkplein (Pieterse 1942:27; Peacock 1955:51 en 180; Meiring 1955:150). Du Toit is deur die Vermeulenbroers hierin bygestaan (Du Preez 1978:8). Du Preez maak van argivale bronne gebruik, terwyl Meiring sy inligting op ‘n 1859 kaart van A.F. du Toit skoei. Hierdie bronne is outentiek daar dit in die argief opgeneem is. Gevolglik word beide Du Preez en Meiring as geloofwaardig aanvaar.

In hierdie stadium het A.F. du Toit sy eie watervoor in Arcadia en S. Schoeman ook sy eie watervoor aan die suidekant van Boomstraat gehad (Peacock 1955:51, 124). Die watervore was oop vore. Dit word bewys deur die dorpsregulasies vir dorpe in die Z.A.R. van 1857, waarin bepaal word dat geen mens, dier of pluimvee in die watervore mag mors nie. 'n Boete van 2 sjielings was ook betaalbaar indien 'n persoon se diere in 'n watervoor gevind sou word. Diere moes ook minstens 12 voet (3,6 meter) van watervore af uitgespan word (Peacock 1955:54). Omdat die hoofwatervoor ontoereikend was, is tenders gedurende 1860 gevra vir die bou van 'n verdere watertoevoer. Die tender van J.F. Schutte en A. van der Walt om 'n groot dam en groot voor teen £120 vir Pretoria te grawe, is aanvaar. Die voor sou van die Fonteine tot by Kerkplein strek (Pieterse 1942:27-28; Peacock 1955:69). 'n Sekere G. Ezel het uiteindelik dié kontrak oorgeneem (Pieterse 1942:28).



Watervoor voor die eerste Raadsaal [suid-westelike hoek van Kerkplein en Markstraat]. Die foto is geneem kort voordat dit in 1889 afgebreek is.

Uit vorige navorsing is dit duidelik dat die watervoor, wat vanaf die dam in die Fonteinedal geloop het, 0,92 meter (3 voet) wyd en 0,45 meter (18 duim) diep was en dat dit tot aan die bopunt oftewel suidekant van Kerkplein aangelê is. Dit blyk ook dat kleiner watervore van 0,45 meter (18 duim) wyd en 0,30 meter (12 duim) diep, dan rondom Kerkplein uitgehaal is om weer aan die onderkant (noordekant) van Kerkplein in 'n enkele groot watervoor te ontmoet (Pieterse 1942:28; Peacock 1955:69; Van Schalkwyk e.a. 1994:3-5; Lochhead 1913:63-64). Hoewel Lochhead geen bronverwysing het nie, word dit as betroubaar beskou omdat dit bedoel het om ‘n inligtingsgids vir die jaar 1913 te wees en gevolglik verskeie aspekte van Pretoria beskryf het. Dit is hoogs onwaarskynlik dat dit inligting doelbewus sou verdraai en word as onbevooroordeeld beskou.

Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het onderneem om self die water vanaf die plein na die verskillende erwe toe aan te lê (Pieterse 1942:28). Hierdie projek is in 1860 aangepak en is in 1863 voltooi (Pieterse 1942:28-29). Hierdie afmetings verskil van dié van die voor wat ondersoek is (sien Tabel 6.1), omdat hierdie 'n grondvoor was.

Die watertoevoer wat deur die grondvoor aan die dorp voorsien is, sou mettertyd nie meer voldoende vir die dorp se inwoners wees nie (Peacock 1955:70). Hoewel Van der Walt teen 1877 nog van hierdie voor gebruik gemaak het (Peacock 1955:125), was die vore teen hierdie jaar reeds so vervalle dat dit niks anders as modderslote was nie (Pieterse 1942:32). Hierdie gegewe bewys dat die watervore nie, soos die een wat ondersoek is, met klip uitgelê was en oor 'n dak beskik het nie. 'n Verdere aanduiding hiervan is die beskrywing van Pieterse (1942:81) dat vreemdelinge in die donker moeilikheid gesoek het as hulle buite sou rondloop, omdat watervore Pretoria deurkruis het. Hy meld voorts dat die vore nie diep was nie, maar soms breed, veral by kruisstrate. Hierdie inligting dateer uit 1875. Peacock (1955:123) dui op 'n kaart, wat ook uit 1875 dateer, 'n watervoor aan. 'n Foto in Dunston (1975:20-21) toon 'n voor op Kerkplein met 'n bruggie daaroor. Die bruggie dien as bewys dat die voor nie oor 'n dak beskik het nie. Dit blyk ook 'n grondvoor te wees.



Watervoor in Markstraat tussen Struben- en Proesstraat.

Foto is geneem na 1882.

'n Sekere mev. Roche beskryf byvoorbeeld in 1877 die watervore as "tiny little dykes" in die strate van Pretoria (Lochhead 1913:53). In dieselfde werk (Lochhead 1913:55) word 'n oop watervoor in Markstraat op 'n foto aangedui. Dié foto dateer uit 1879.

Dr. Anton C. van Vollenhoven
Archaetnos
0832916104

-------------------------------------------------------

Met Pretoria se Eeufeesviering in 1955 het Die Transvaler op 21 Oktober ‘n spesiale Eeufeesbylaag gepubliseer. Op bladsy 39 van die bylaag het die volgende artikel deur H.P.H. Behrens verskyn.

Fonteinedal was die “Magneet”

Die skilderagtige natuur- en waterryke Fonteinedal met die kronkelende Apiesrivier (so genoem omrede die duisende blou-apies wat in die digte bosse langs sy oewers huis gehou het) vorm ‘n onafskeidbare deel van Pretoria se geskiedenis.

Byna 20 jaar voordat Pretoria gestig is, het trekkers, gelok deur die waterrykheid van die omgewing, hulle reeds daar gevestig. Een van hulle, Lucas Cornelis Bronkhorst, het sy hartbeeshuisie naby die oorsprong van die rivier – twee fonteine – gebou. Almal het toe gepraat van Bronkhorstfontein, maar geleidelik het die naam in onbruik geraak.

Uit die staanspoor het Fonteinedal se water sy rol as waterbron vir die nedersetters gespeel en in 1854 al het M.W. Pretorius aan veldkornet Van der Walt (wat hom reeds in 1844 daar gevestig het) opdrag gegee om ‘n watervoor van die Fonteinevallei af aan te lê. In April 1855 was die voor 200 tree van die poort af. In 1858 het Du Toit die voor van Van der Walt se huis af gebring tot by die kerk, al met Markstraat langs tot by die plein. Daar die regering in 1860 verantwoordelikheid vir die watertoevoer na die dorp aanvaar het instede van die

landdros, is op 4 Junie van daardie jaar ‘n kontrak vir waterlewering aangegaan met J.F. Schutte en Andries van der Walt en waterregulasies is opgestel.

In 1863 is ‘n dam gebou min of meer op dieselfde plek waat die betonwal tans [1955] nog in die Fonteine is. Dit het gebeur nadat die regering byna 5 morg grond aangekoop het om ‘n sloot aan te lê dorp toe.

Na Bronkhorst se dood het H.J. Frames die plaas in 1874 gekoop vir £1,250. Later het Frames weer die plaas aan Jesse Jeanes, ‘n handelaar op Markplein verkoop vir £7,250.

Intussen het Pretoria besef dat hierdie plaas, en veral die Fonteine, openbare eiendom behoort te word en in 1883 het die Hooggeregshof Jeanes gelas om die plaas aan die Regering te verkoop vir £4,000. Sodoende het Pretoria vir die komende halfeeu seker gemaak dat hy genoeg water het.

In Augustus 1898 het ‘n ramp die Fonteine getref toe ‘n veldbrand deur die vallei getrek en 100,000 jong boompies vernietig het wat onder kontrak geplant is deur mnr. J.D. Celliers.

Maar die Fonteinedal het ook op ‘n ander manier skade gely. Die wild – en daar was volop in daardie dae – is deur die Pretoriane links en regs platgetrek. Om hierdie euwel stop te sit, het president Kruger op 25 Februarie 1895 ‘n proklamasie onderteken wat die skiet van wild in die Fonteinevallei verbied het en so het Fonteinedal die eerste wildbeskermingsoord in die hele Afrika geword.




Fountain Grove Hotel by die Fonteine

Algaande het die vallei in gewildheid toegeneem hoewel dit so “ver” van die dorp af was. ‘n Sakeman het ‘n hotel laat oprig wat, na vertel word, ‘n groter toeloop gehad het as vandag [1955] se kiosk. Die hotel is veral druk besoek deur die senior amptenare. Vertel word dat hierdie amptenare nadat hulle die kerkdiens in die President se kerk bygewoon het, geklee in hardebolkeil, swaelstert en streepbroek, die “spaaiders” en ander voertuie in Kerkstraat-Wes stormgeloop

het om hulle na die Fonteine te haas waar hulle heerlik gesmul het [aan 'n] Sondagmaal en die natuurskoon geniet het.

Geleidelik en veral met die koms van die motor, het die Fonteine as sosiale saamkomplek minder aandag geniet en en op die plek waar die hotel gestaan het, pryk vandag 'n bedding Namakwalandse gousblomme.

Pompstasie

Voordat die hotel afgebreek is, is 'n pompstasie vir die troepe gebou wat vir baie jare water voorsien het aan Robertshoogte wat op 5 Junie 1900 deur die Britte in die lewe geroep is (Robertshoogte is in Desember 1936 verdoop na Voortrekkerhoogte). Die pompstasie is enige jare gelede afgebreek.

Danksy die vrugbaarheid van die vallei, is 'n landbounavorsingstasie daar opgerig wat jare lank voorkom het dat die Fonteine se natuurskoon ten volle tot die publiek se beskikking kon word.

Met die groei van die Transvaalse Universiteitskollege (nou die Universiteit van Pretoria) moes 'n landbou-afdeling egter geskep word en so is 'n deel van Koedoespoort toe aan die Universiteit afgestaan in ruil vir die res van die Fonteinedal aan die stadsraad. Al wat vandag [1955] van die ou navorsingstasie oorbly is die kwekery van die Departement van Bosbou.

In Junie 1922 het wyle mnr. J.H. Venning, munisipale magasynmeester, 'n verslag voor die raad gelê met die doel om meer fasiliteite aan die publiek beskikbaar te stel in die Fonteinedal. Eers twee jaar later egter het die stadsraad dit in beginsel goedgekeur dat 'n kiosk daar gebou kan word. Dit is gebou deur mnr. A. Bushby teen 'n koste van £4,800. Op 20 Oktober 1927 is die hoeksteen gelê deur burgemeester C.M. de Vries en op 1 Mei 1928 is dit oopgestel vir die publiek.

In 1930 is die stadsingenieur gemagtig om 'n teekamer en 'n swembad aan te bou. Teen die einde van 1932 was ook die teerpaaie klaar gemaak.

-----------------------------------------------

Die volgende van Ria David. Kan iemand miskien help?

Wil graag weet: In Nov 1949 was daar 'n groot haelstorm in Pretoria. Die Stasie se dak is beskadig. Dit is toe reggemaak en in een van die torings is glo 'n tipe swastika ontdek wat vermoedelik deur Herbert Baker daarin gesit is want hy het blykbaar 'n verhouding met 'n Hindoe vrou gehad en die teken is glo spesiaal in hulle geloof?

-------------------------------------------------

Al die foto's in hierdie brief kom uit my versameling en was nie deel van die oorspronklike dokumente nie.

Groete tot volgende maand,

Rosa Swanepoel